**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 26 APRIL 2026**

# VIERDE SONDAG VAN PASE

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Families met geliefdes in ander dele van die wêreld***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**1 Petrus 2:19-25; Handelinge 2:42-47;**
**Psalm 23; Johannes 10:1-10**

| **SONDAG, 26 APRIL** |
|---|
| DANKBAARHEIDSONDAG<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Zimbabwe, Malawi & Mosambiek<br>Erediensspan 4 – Robert Rootman<br><br>**GEEN**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese<br>• Kleuter- en Kinderkerk |
| **MAANDAG, 27 APRIL** |
| **VRYHEIDSDAG** |
| **DINSDAG, 28 APRIL** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 29 APRIL** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 30 APRIL** |
| **Sopbeurte**: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Loamie Olivier, Kotie Jonas, Liesl de Villiers, Lorna Robinson |
| **VRYDAG, 1 MEI** |
| **WERKERSDAG** |

| SATERDAG, 2 MEI |
|---|
| |
| **SONDAG, 3 MEI** |

VYFDE SONDAG VAN PASE
ARBEIDSONDAG
SINODALE BID- EN DANKDAG

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: Arbeidsbediening
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

**GEEN**

- Gemeentetee
- Senior Kategese
- Kleuter- en Kinderkerk

# GEMEENTENUUS

1. Corra Kitshoff (Manatokalaan) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
2. Pieter Combrinck (Andanté) is in die hospitaal nadat hy geval het.
3. Ons dink aan Rina van Wyk, ons Algemene werker, wat tans gesondheidsprobleme ondervind en wag op uitslae van toetse.
4. Eric Brand (Othello) het die afgelope week ‘n mediese prosedure ondergaan.
5. Hyla Harmse (Othello) ontvang tans behandeling.
6. Ons dink aan Ben Swart (Brackenfell) na die afsterwe van sy pa.



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

26/04 Arian Filies, Mariska Strydom, Marina Summers, Sue-Lynne Esau
27/04 Joline Steyn, Bernard Pienaar
28/04 Chrisna le Roux, Sylvia Geldenhuys(84), Erica Taljaard,
Christine Lombard, Marius Wethmar
29/04 Lizette Olivier, Zimari Louw
30/04 Theunis Kotze, Jeandré Swanepoel, Julie Geldenhuys
01/05 Leon Barnard, Anja Nell, Anton Visser
02/05 Carla West, Pierre le Roux, Marizanne Pascal van Alphen



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 6 Mei 2026 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 29 April 2026.
2. De Eike se Getuienisaksie kommissie is op soek na ‘n sekretaresse om tydens die kwartaallikse vergadering die notule te hanteer. Skakel met Louis Hurter (0833382003) of die kerkkantoor.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## SENDINGWERK IN ZIMBABWE, MALAWI EN MOSAMBIEK

Ons kerkfamilie het reeds in die 19de eeu met werk in die 3 lande begin.

Ons ondersteun veral teologiese opleiding, mediese dienste by hospitale en klinieke asook literatuur ontwikkeling.

Vir volledige inligting oor die werksaamhede in die onderskeie lande, gaan kyk gerus by www.kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/

Kontakbesonderhede: 021-957-7179 **/** missio@kaapkerk.co.za

# KOSMANDJIE

Soos ons almal weet, raak die lewe regtig nou duur. Daarom waardeer ons elke item wat u kan bydra tot ons kosprojek. Die produkte word uitgedeel aan gesinne in ons eie gemeente. Hierdie is ‘n manier om anoniem te help. Baie dankie aan elkeen wat bydra, dit word opreg waardeer.



Die volgende items is tans laag :

| | | |
|---|---|---|
| melkpoeier | kondensmelk | vlapoeier |
| koffie 500g | aanmaak koeldrank 750ml | ontbytgrane |
| koekies | lekkers | koekmeel 1kg |
| bruismeel 500g | droë ertjies / boontjies | soppoeier |
| mince mate | kitspoeding | tamatiepasta |
| sout / peper / speserye | bief- / hoenderekstrak | blikkies tamaties |
| blikkies ertjies | blikkies tuna | kookolie 750ml |
| asyn 750ml | tamatiesous | blatjang |
| mayonnaise | toiletpapier | sjampoo (2 in 1) |
| aanrol – mans / dames | | |
| opwasmiddel | waspoeier | sponsies |

Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# VAKANTE POSTE

1. Die Sinodale kantoor Stellenbosch het die volgende vakante pos: PSD: Gemeentebegeleiding. Sien kennisgewingbord vir meer inligting.
2. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die volgende vakante pos: Verhoudingsleier: Westelike Streek (Hoofkantoor – Wes-Kaap (Bellville).
3. Die Sinodale kantoor Brackenfell het die volgende vakante pos: Administratiewe Beampte: Medies & Moderatuur. Sien kennisgewingbord vir meer inligting.

# BASAAR



# BASAAR



## 30 Mei 2026

## *Moenie Uitmis Nie*

MAAK GEREED VIR DAAI TUISGEMAAKTE GEUR !



Kerrie en rys

OF




BOTTER HOENDER

**R50**



# Kleinkoekies



Ons gaan weer vanjaar HEERLIKE KLEINKOEKIES hê, sodat almal hul koekblikke kan vul vir die winter se hot chocolate-en-tuisgebakte koekie oomblikke!

Byvoorbaat BAIE DANKIE vir al die voornemende baksters en helpers en ook dankie vir almal wat ons tafel gaan kom ondersteun op 30 Mei 2026. Ons sien uit!!

| | |
|---|---|
| Elmarè Burger | Lizette Rootman |
| 083 578 3433 | 082 459 0400 |

## VETKOEKE





**Welkom by die Vetkoektafel!**

Daar is weer heerlike vars kerrie-gevulde- (R35), ongevulde vetkoeke (R20) of kaas en konfyt (R25) te koop en dit word deur 'n baie gedugte, flinke en vriendelike span voorberei en verkoop!! 😊
Kom en geniet 'n heerlike vetkoek - dit vries ook baie goed!!

Plek: Binne die groot tent

Lorraine Louw en Span

## WORSJORSIES



OOO LALA....

Dis weer daai tyd van die jaar waar jy lekker kan smul aan De Eike se gewilde.....

WORSJORSIES

Kom eet, lag en gesels saam en vul jou kosbakke om later lekker te smul tydens en selfs na die basaar!!!

# BASAAR - AKKERBLARE TE KOOP

Akkerblare gaan vanjaar weer die enigste betaalmiddel op die dag van die basaar wees en is reeds nou te koop by die kerkkantoor. Jy kan dus jou aankope daarvan versprei oor ‘n paar maande.

Die pryse van die kos wat by die basaar te koop gaan wees, is as volg:

| | |
|---|---|
| Hamburger | R40 |
| Boepensbroodjies | R25 |
| Kerrie & Rys - 500 ml | R50 |
| Pannekoek | R8 |
| Poeding | R25 |
| Slaaie | R30 |
| vetkoek - kerrie maalvleis | R35 |
| vetkoek - kaas en kontyt | R25 |
| Vetkoek - ongevul | R20 |
| Worsjorsies | R35 |
| Worsrolle | R30 |



Betaal kontant of met kaart, of EFT na kerk se rekening:
ABSA BANK – takkode: 632005
Rekening nommer: 3010590069
Verwysing: JOU NAAM + AKKERBLARE
Betalingsbewys na: ngkeike@cybersmart.co.za

Besoek of kontak die kerkkantoor om ‘n reëlings te tref.

**Baie dankie aan die groepie lidmate wat ons gehelp het met die voorbereiding van die Akkerblare – dit word opreg waardeer.**

# SLOPING VAN TORING

Die kerktoring se struktuur het oor die jare baie verswak en ons is genoodsaak om dit af te breek aangesien die risiko te groot word.

Die sloping begin eersdaags en word gedoen deur Ross Demolition. Gedurende die konstruksie tydperk sal die gebied rondom die toring afgesper wees. Dit sluit in die Muur van Herinnering.

Sien Vrydag 24 April 2026 se Akker vir volledige inligting.

# AKSIE SAMARITAAN

Liewe vriende,




Ons wil graag hierdie Modersdag vir elke vrou by die sopkombuis 'n fleece kombersie gee as bederfie. Vir hierdie doel benodig ons 40 fleece komberse. As jy kan help, of dit nou is om 'n kombersie te skenk of met 'n kontant donasie, kontak gerus vir Jakkie by 082 453 3862. Indien hy eft gebruik asb die verwysing "Moedersdag".

Mag God jou rylik seën!

# KERKBODE




Die jongste uitgawe van die Kerkbode is by die deure beskikbaar.

Neem gerus een.

# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Hoor julle ook die stem?



**Prediker**: Adriaan Vogel

**Skriflesing:** Johannes 10:1-10 (2020 Vertaling)

Wanneer die finale uitslae aangekondig word, is hulle toe nie die kenners wat hulle gedink het nie. Dis die ontnugtering wat soveel sportondersteuners ondervind. Deur die week bespreek hulle die spanne, sien elke fout raak wat die blinde skeidsregter mis en het raad vir al die probleme wat die afrigter ervaar. Maar groot is die skok dan wanneer hierdie “kenners” gelukkig is as hulle ten minste die helfte van die wedstryde se resultate reg voorspel.

Ek wens ek kon sê die geloof is vrygestel van hierdie oorvloed van opinies. Maar helaas, is daar min wat in kerke gebeur waaroor daar nie menigte opinies is nie. Elkeen praat met sekerheid, asof hulle die *waarste* van die waarheid het. So, hoe maak ons seker dat, wanneer elkeen hul geloof aanpak, is ons besig om Jesus se stem te volg? Hoe gaan ons te werk om na God se stem te luister en nie na die stemme wat vir ons wil vertel wat God “eintlik” sê nie?

**Inleiding:** As ek vandag vir jou sal vra, “Vertel my, wie is Jesus?” waarop sal jy fokus? Is Hy kwaai of gaaf? Is Hy liefdevol of oordelend? Watter verhale sal jy kies om Sy karakter duidelik te maak vir iemand wat Hom nog nie ken nie?

**Teks agtergrond:** Johannes 10 moet in samehang met Johannes 9 gelees word. Jesus is besig om Sy bediening te vergelyk met die van die ander godsdienstige leiers.

**Johannes 10:1-10**

**Dit klink anders:** Die stem van God is veronderstel om anders te klink as die wêreld om ons. Dit klink anders en die wat dit volg stap 'n ander pad na 'n ander destinasie. Wat geloof betref, lei alle paaie nie na Rome nie.

**Jesus se balans:** Om te begin is dit belangrik om te verstaan dat Jesus nie in een boksie geplaas kan word nie. Ja, daar is genade, maar daar is ook oordeel. Daar is liefde, maar daar is ook aanspreking van sonde.

**Daar is slegs een Herder:** Jesus onderskei tussen die werke van die Herder en die dief. Dit help ons om te onderskei tussen Jesus se stem en die wêreld se stemme wat soms Jesus probeer omskep in iets wat Hy nie is nie.

**Wat help die kerk onderskei:** Die Gereformeerde kerke gebruik die Sola’s. Dit help ons om te oordeel of iets vanuit mense se werke kom, of vanaf God.

**Daar is vryheid in die beperking (vers 9):** Die Herder beskerm die skape in die kraal en laat hulle in die velde wei. Die leiding van God is nie om ons te toets of te beperk nie. Dit is om ons Geestelik te lei en te beskerm.